

21 Julie - MAAGD

Skrifgedeelte: Lukas 1:26-38

Fokusgedeelte: Lukas 1:35

DIE ONTSAGLIKE, onverstaanbare wonder van God se genade en liefde:

- 'n Maagd, 'n ongetroude meisie ... eintlik nie geag in die ou samelewing nie.
- In die volheid van die tyd is dit juis die persoon wat God gebruik vir die redding van die sondeverlore wêreld.

Die maagd Maria word swanger sonder die toedoen van 'n man, want die Heilige Gees het oor haar gekom en die krag van die Allerhoogste het haar oorskadu.

- Daarom word die Kind Jesus uit die vlees en bloed van Maria gebore, sonder die toedoen van 'n menslike vader.
- Daarom is Hy waaragtige mens met liggaam en siel in alles aan die mens gelyk, uitgesonder die sonde.
- Daarom kan Hy leed verduur, pyn voel, honger wees en moeg word.
- Daarom kan sy liggaam gebreek word en sy bloed uitdrup, sodat Hy sterf, soos alle mense.
- Daarom kan Hy aan die eis van God voldoen. Die regverdige God eis dat elke sonde gestraf moet word. In sy regverdigheid wil Hy nie 'n ander skepsel in die mens se plek straf nie. Daarom word die mens Jesus gebore. Hy ondergaan die lyding van die hel, wat ons verdien. Hy word vreeslik gekruisig. Hy dra die straf op elke sonde van my mond, van my hand en van my hart volledig in my plek.

Mens en God, gebore uit die maagd Maria ... dit is ons Here Jesus Christus. So groot is God se liefde en genade aan ons! Johannes 3:16 – *“So lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.”*

Nee, ons hoef nie op te klim na God toe nie. Hy het uit die hoë hemel na die diepte van ons aardse bestaan neergedaal om tussen ons en saam met ons te wees. Kan jou lewe dan iets anders as toewyding, oorgegewenheid en dankbaarheid wees?

Vir hierdie genadewonder het God 'n gewone maagd gebruik. Want Jesus Christus is vir jou uit die maagd Maria gebore!

Sing: Skrifberyming 7-1:1

Ds RG Aucamp (Middelburg, Karoo)